



WAT MOET NOG IN DIE KINDERSORG- EN BESKERMINGSWET INGESLUIT WORD?

Deel 1

(1) Regte en verantwoordelikhede

Regte en verantwoordelikhede gaan hand aan hand. Daar is lande wat besluit het om kinderverantwoordelikhede in hul wette in te sluit saam met kinderrechte. Byvoorbeeld, die Kinderwet in Kenia bevat 'n afdeling oor kinders se verantwoordelikhede. Die Afrika Handves op die Regte en Welsyn van die Kind sluit ook afdelings in oor verantwoordelikhede wat kinders behoort te hê. Wat moet Namibië doen?

Kenia se Kinderwet 2001

Hierdie wet bepaal dat 'n kind die verantwoordelikhede het om –

- ☉ sy/haar ouers, meerderes en ouer mense te alle tye te respekteer en hulle te help in gevalle van nood;
- ☉ sy/haar nasionale gemeenskap te dien deur sy/haar fisieke en verstandelike vermoëns daarvoor beskikbaar te stel;
- ☉ sosiale en nasionale solidariteit te behou en te versterk; en
- ☉ die positiewe kulturele waardes van sy/haar gemeenskap te behou en te versterk in sy/haar verhouding tot ander lede van die gemeenskap.

SAKE VIR BESPREKING: Moet die Kindersorg- en Beskermingswet 'n afdeling insluit oor kinders se verantwoordelikhede? Indien wel, watter verantwoordelikhede moet ingesluit word? Hoe sal dit afdwing word?

(2) Skadelike kulturele praktyke

Skadelike praktyke sluit in –

- ☉ skending van vroulike geslagsorgane
- ☉ bepaalde vorms van seremoniële manlike besnydenis
- ☉ seksuele inisiasie
- ☉ kinderhuwelike en -verlowings.

Tradisionele kulturele praktyke weerspieël waardes en beskouings wat tussen lede van 'n gemeenskap geld oor periodes wat dikwels geslagte strek. Terwyl sommige praktyke tot voordeel strek van alle lede van 'n kulturele groep, is ander skadelik vir sekere mense binne 'n kultuur, soos vroue en kinders. Dit is bekend dat sommige kinders in Namibië, meestal meisies, onderwerp is aan verskeie skadelike tradisionele praktyke.

In Ghana bepaal die Kinderwet van 1998 dat “Geen persoon 'n kind sal onderwerp aan ... enige kulturele praktyk wat sy menswaardigheid wegneem of skadelik is vir die fisieke en verstandelike welsyn van die kind nie”. In Uganda is dit 'n misdad om 'n kind bloot te stel aan skadelike sosiale en kulturele praktyke, volgens die Kinderstatuut van 1996: “(Dit) sal onwettig wees om 'n kind bloot te stel aan sosiale of tradisionele praktyke wat skadelik is vir die kind se gesondheid”. Wat moet Namibië doen?

SAKE VIR BESPREKING

- ☉ Watter skadelike kulturele praktyke het 'n invloed op kinders in Namibië?
- ☉ Wat moet die nuwe wet bepaal rakende skadelike kulturele praktyke?
- ☉ Moet die minimum ouderdom van 18 wat vir burgerlike huwelike geld uitgebrei word na alle soorte huwelike? Hoekom of hoekom nie?

(3) Weggooi van babas en kindermoord

Weggooi van babas en kindermoord is beduidende probleme in Namibië. Terwyl dit 'n misdad is om 'n baba dood te maak, kan dit baie moeilik wees om hierdie gevalle te beoordeel omdat soveel ingewikkelde fisieke, geestelike en emosionele faktore op die spel is – soos 'n besondere vorm van depressie wat jong moeders ondervind. In sommige lande is kindermoord en moord twee afsonderlike misdade. Byvoorbeeld, in Zimbabwe is 'n vrou wat haar eie kind doodmaak binne ses maande vanaf die kind se geboorte, “op 'n tyd wanneer haar geestelike balans versteur is as gevolg van geboorte skenk aan 'n kind” skuldig aan kindermoord eerder as aan moord, en kan tronkstraf opgelê word vir 'n tydperk wat nie vyf jaar oorskry nie. Hierdie vonnis is bedoel om rekening te hou met die uitsonderlike omstandighede. In Botswana en Lesotho is daar ook verskillende oortredings onder die benaming kindermoord. Wat moet Namibië doen?

Bykomende maatreëls is nodig om die kwessie van die weggooi van babas en kindermoord doeltreffend aan te spreek. Sommige lande soos die Verenigde State het “veilige hawe” wetgewing uitgevaardig. Die doel van hierdie wetgewing is om ouers – gewoonlik moeders – aan te moedig om ongewenste babas by 'n veilige plek (soos 'n hospitaal of polisieostasie) af te gee waar die baba behoorlik versorg en beskerm kan word totdat 'n aanneemhuis gevind kan word. Veilige hawe wetgewing laat die ouer gewoonlik toe om naamloos te bly. Wat moet Namibië doen?

SAKE VIR BESPREKING

- Ⓢ Moet kindermoord en moord as twee verskillende kriminele oortredings beskou word?
- Ⓢ Moet Namibië voorsiening van veilige hawes in die nuwe wet insluit? Indien wel, watter maatreëls moet ingestel word om die regte van vaders en lede van die uitgebreide familie te beskerm?

Beperkinge van veilige hawe wette

- Ⓢ Die wet kan biologiese vaders hulle wetlike reg ontnem om vir hul kinders te sorg, omdat die baba sonder hulle medewete afgegee kan word.
- Ⓢ Die kinders wat by veilige hawes afgegee word, sal dalk nooit hulle familiegeskiedenis ken nie. Lede van uitgebreide families word ook die geleentheid ontnem om die betrokke kind te versorg.
- Ⓢ Moeders wat beplan om hul babas by 'n veilige hawe af te gee, kan hul swangerskappe wegsteek en geboorte skenk in onveilige omstandighede in plaas daarvan om behoorlike voor- en nageboortesorg te soek.

Voordele van veilige hawe wette

- Ⓢ Saam met openbare bekendmakingsveldtogte kan hulle help om die aantal kindermoorde en agterstraataborsies te verminder.
- Ⓢ As 'n baba afgegee is, adverteer baie veilige hawes vir vaders wat vermoed dat die baba hulle s'n is om na vore te kom. Dit gee hulle 'n kans om vir hul kinders te sorg.

(4) Kinders en alkohol

Drankgebruik deur minderjariges is nog 'n ernstige probleem in Namibië. Byvoorbeeld, 'n studie deur die Ministerie van Gesondheid en Sosiale Dienste het bevind dat tussen 13- tot 16-jariges, 11% meisies en 18% seuns gereeld alkohol gebruik. Dieselfde studie het bevind dat meer as 28% van jeugdiges tussen 13 en 30 jaar weekliks alkohol gebruik, en dat amper 7% daaglik alkohol drink. Om hierdie kwessie aan te spreek kan die Konsep Kindersorg- en Beskermingwet wysigings insluit tot die Drankwet Wet Nr. 6 van 1998 om die reëls op minderjarige drankgebruik te verskerp:

1. Verbied kinders onder ouderdom 18 toegang tot sekere tipe drinkplekke behalwe as hulle vergesel is van 'n ouer of voog.
2. Verplig verkopers van alkohol om die ouderdom van die koper te bevestig deur identifikasie te vra en verskerp die strawwe vir die aanbieder van vals identifikasie deur die koper.
3. Klaar gevalle uit waar alkohol voorsien kan word aan persone onder 18 (byvoorbeeld as 'n godsdienstige sakrament, of in matige hoeveelhede vir ouer kinders wat onder ouertoetsig drank gebruik).
4. Verbied die maak van tuisgebroude drank deur kinders onder 18.
5. Omskryf sekere soorte vorms van gedwonge, oordedende of toegelate alkoholgebruik deur kinders as 'n vorm van kindermishandeling deur volwassenes wat daarby betrokke is.
6. Ontwikkel meer beperkende reëls vir persone onder ouderdom 21 wat drink en bestuur.

Wat moet Namibië doen?

SAKE VIR BESPREKING

- Ⓢ Moet die nuwe wet die bepalings op minderjarige drankgebruik verskerp?
- Ⓢ As 'n volwassene 'n persoon onder ouderdom 18 dwing, oorreed of toelaat om alkohol te gebruik, moet dit as kindermishandeling beskou word?
- Ⓢ Moet daar strengere beperkings kom op drink en bestuur vir jong drankgebruikers, soos dié onder 21?

(5) Internasionale ontvoering

Een vorm van internasionale ontvoering is wanneer 'n kind se ouers uitmekaar gaan en een ouer die kind uit die tuisland wegneem sonder die toestemming van die ander ouer. Die Den Haag Konvensie op Burgerlike Aspekte van Internasionale Kinderontvoering is 'n internasionale ooreenkoms wat die spoedige terugkeer van ontvoerders onder ouderdom 16 na hul tuisland onder sulke omstandighede vergemaklik. Die hof in die kind se tuisland kan dan die geskil tussen die ouers besleg rakende toesig en toegang. Namibië het nog nie hierdie ooreenkoms onderteken nie, maar kan dit binnekort doen ten einde internasionale samewerking te bevorder om te help in gevalle van internasionale ontvoering deur ouers.

SAKE VIR BESPREKING

- Ⓢ Is die verwydering van Namibiese kinders uit die land deur een ouer 'n skending van die ander ouer se regte? Indien wel, hoe word hierdie gevalle tans hanteer?
- Ⓢ Moet Namibië die Den Haag Konvensie op Burgerlike Aspekte van Internasionale Ontvoering aanvaar en in die nuwe wet voorsiening maak vir die implementering daarvan?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591

E-pos: CCPA@lac.org.na

Faks: 088613715

Posadres: Posbus 604, Windhoek



Vir meer inligting oor die
Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak
Monalisa Zatzirua (061-2833116) of
Celeste Feris (061-2833179) by die
Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn,
of Rachel Coomer by die
Legal Assistance Centre (061-223356).

Dié feiteblad is ontwerp deur die
Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn,
gefasiliteer deur die Legal Assistance Centre
en ondersteun deur UNICEF.

